**Oeuvre is tekstuur van stilte**

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/oeuvre-is-tekstuur-van-stilte-20170508

Oor Karel Schoeman se eerste gepubliseerde werke skryf die uitgewer Koos Human: "Die enigste manuskrip van hoë gehalte deur ʼn volkome onbekende skrywer wat ooit op my lessenaar beland het, was van ʼn jong man in Bloemfontein: Karel Schoeman." Human skryf verder dat E.P. du Plessis, die destydse hoofsub by Human & Rousseau, gevra en uitgeroep het: "Wie de hel is dit? Dié man kan skryf!" Vir sy prosa ontvang Karel Schoeman nie minder nie as drie keer die Hertzogprys. Chris van der Merwe beskryf myns insiens die posisie van Schoeman binne die Afrikaanse letterkunde op trefsekere wyse: "In die Afrikaanse prosa was daar baie strominge. Ons het die Sestigers gehad, en die tagtigers; daar was die moderniste en die post-moderniste; en dan was daar Karel Schoeman." Daar is vele lesers wat met groot waardering skryf en praat oor Schoeman se werk. Self sal ek in hierdie verband my eie belewenis van Karel Schoeman se kreatiewe tekste binne die Afrikaanse letterkunde in drie woorde opsom: "iets het gebeur." Dit is drie woorde wat ek by Schoeman leen. En tog, tog is daar ook soveel ander vir wie Schoeman se prosa ontoeganklik is. Maar hoekom? Wat is dit wat my soos ʼn mot na ʼn kers aantrek in sy tekste en ander weer nie? "Hoe moet mens begin? Teoreties is die moontlikhede onbeperk, en die verbeelding aarsel, oorweldig deur die oorvloed wat hom aangebied word. Beter is dit miskien om die vraag op meer konkrete en spesifieke wyse te herformuleer en te vra wáár mens moet begin." Ek begin met Schoeman in die kerkhof.

In ʼn dood-ontkennende samelewing is Schoeman die skrywer wat dapper en met diepgang vanaf sy debuut in 1965 tot en met *Verliesfontein* uit 1998 die tema van dood en sterwe verken het. Ek glo sterwe en dood is ʼn belangrike sleutel tot Schoeman se kreatiewe oeuvre, want dit is deur bewustelik te reflekteer en in die lees van sy werke selfs te mediteer op die ander land van sterwe en dood wat hierdie lewe nuut gesien word en lesers herinner word aan waar hulle gelukkig was.

In ʼn tyd van helde, voorspoed en sukses, was Schoeman by uitstek die Afrikaanse skrywer wat klem op die buitestander geplaas het. Telkens is sy hoofkarakters buitestanders buite die ligkring. Hulle is karakters wat nie die kalklig opsoek nie, maar vanuit die skaduwees waarneem en sodoende juis anders en ook meer sien. In hierdie verband kan die reis-motief in sy tekste ook vermeld word wat beteken dat karakters in sy tekste dikwels in ʼn soort drumpel-fase verkeer. Die reis is dan nie alleen ʼn geografiese reis nie, maar juis ook ʼn geestelike reis. In die ontwikkeling van die oeuvre van Schoeman gaan die reis voortdurend en dieper inwaarts.

In ’n grootliks ontluisterde wêreld is Schoeman ’n skrywer wat die wêreld met sy prosa her-betower. Simboliek is van kardinale belang in sy werk, byvoorbeeld die kontrastering van lig en donker, maar ook simboliese gegewens wat op ’n ragfyn wyse in die tekstuur van die tekste ingeweef is.

In ’n raserige wêreld waar lesers oorspoel word met inligting op sosiale media en boeke wat se lof besing word met die uitdrukking “page turners,” moet die leser weet dat daar nie veel in ’n Schoeman roman gebeur nie. Sy tekste het dikwels, in die woorde van die digter Tom Gouws, die tekstuur van stilte en die ontwikkeling in die verhaal verloop langsaam. Tog, tog is dit juis in die stiltes waarin soveel betekenis opgesluit is.

In ’n literêre wêreld waar vernuwing alles is en dit ook blykbaar die grootste kompliment is wat ’n skrywer kan kry, is Schoeman ’n skrywer wie se romans getuig van ’n diepe respek vir die tradisie. Sy besondere kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is waardevol in hierdie verband en dikwels dien sy historiese werke oor byvoorbeeld Bloemfontein of die Roggeveld romans soos *’n Ander land* en *Hierdie lewe*. Ook respek vir die tradisie van die Afrikaanse letterkunde is duidelik in sy werke en maak dan juis van sy prosatekste bakens wat getuig van ’n fyn balans tussen tradisie en vernuwing.

In ’n samelewing wat volgens sommiges tekens toon van sekularisasie is Schoeman se romans gelade met atmosfeer. Sy fyn waarneming, gedeeltelik Nederlandse afkoms en kontemplatiewe lewe, eers as Christen en later as Boeddhis, te same met ’n besondere vakmanskap as skrywer, verleen aan sy tekste ’n tekstuur wat soms bykans sakramenteel van aard is.

In ’n land waar sommige mense steeds redelik Eurosentries in hulle lewensuitkyk is, is baie van Schoeman se romans gewortel in Suid-Afrika. Ja, heelparty van sy vroeëre werke speel in Europa af, maar daar is min skrywers wat die ongenaakbare landskap van die Vrystaat en Groot-Karoo tot so ’n mate in hul prosa geïntegreer het, soos Karel Schoeman. Hierby kan ook genoem word dat sy werk inderdaad as betrokke literatuur getipeer kan word. Daar is kritici wat van my sal verskil en alleen tekste soos *Na die geliefde land* en *Om te sterwe* sal uitsonder. Schoeman het egter tradisionele Afrikanerwaardes uitgedaag het en in ’n teks soos *Verliesfontein* bied hy ook ’n geheel ander blik op die Suid-Afrikaanse Oorlog.

So, wat is die sleutel tot die lees van Schoeman se prosa? Ja, bogenoemde aspekte en nog veel meer soos wat belangstellendes kan naspeur in die werk van kenners van Schoeman se prosa soos Burger, Olivier, Rossouw, Van Coller, Van der Merwe, Van Vuuren, Viljoen en ander. My eie opinie is dat jy self ten einde laaste die sleutel is. Jy as leser en jou openheid, of selfs

gasvryheid, om uit die tekste van Schoeman engele, soms is hulle doodsengele, as gaste te ontvang. Om ’n Schoeman boek te lees, is vergelykbaar met deelname aan ’n ritueel – gee jouself vol-ledig daarvoor, of glad nie. Solank as wat sy werk gelees word, word in ons gejaagde en ontluisterde wêreld telkens weer die moontlikheid geskep dat ‘iets’ kan gebeur, dat die uur van die engel weer kan aanbreek. Vir my staan Karel Schoeman se kreatiewe oeuvre in die teken van “iets (het) gebeur.”

Cas Wepener is die skrywer van *Dubbelfoto* (2013) en *Syferfontein* (2016) en sy boek oor Karel Schoeman getiteld *Die reis gaan inwaarts* verskyn oor ’n maand by African Sun Media. Die dieper delwers kan gerus kyk na Burger en Van Vuuren se boek *Sluiswagter by die dam van stemme.*